Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Gemeentekommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/YTZQfxc5YZw

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 22 September 2024

- Daar is slegs een erediens om 08:30.
- Die erediens word gelei deur dr Peet Vermeulen.
- Weens die skoolvakansie vind geen jeuggroep byeenkomste plaas nie.

Eredienstye:

Bybelstudie:

- Die Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Dinsdag 24 September is ‘n vakansiedag. Die gemeentebybelstudie vind dus NIE plaas nie.

Ter approbasie:

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou. Indien hul die roeping opvolg, sal hul op 27 Oktober in hul onderskeie ampte bevestig word.

- **As ouderlinge:** Philippe Temmerman, Francois Lagrange en Doeke Tromp
- **As diakens:** Anne-Marie Lagrange, Pierre du Preez en Louis Jooste

GKSA Almanak 2025



Die sperdatum vir bestellings van die GKSA Almanak 2025
is 20 Oktober.

Plaas asb. R130 per eksemplaar (kontant) in ‘n koevert en skryf jou naam, van en ‘Almanak’ daarop.

Jy kan ook via EFT ‘n inbetaling maak na: Geref Kerk Wapadrant, ABSA tjek 3490151957, Verwysing: Naam, van & Almanak.

Predikante verlof

- Marcel is met verlof van 23 tot 27 September 2024

Kleingroepe

Die nuwe **Bybelstudiereeks oor Gebed** word op **6 Oktober** bekend gestel. Sluit vir die duur van dié reeks by ‘n kleingroep aan - of begin sommer ‘n nuwe een!

Op 6 Oktober sal lyste van bestaande kleingroepe teen die glasdeure van die saal aangebring word. Skyf jou inligting by die kleingroep waarby jy wil aansluit. Daar sal ook plek wees vir nuwe kleingroepe. Dui asb. ook aan indien jy bereid is om die koördineerder / kleingroepleier van ‘n kleingroep te wees.

In die daarop volgende week sal die kleingroepleier met jou in verbinding tree.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Jan Schuurman wat steeds in Kloof hospitaal is.
- Fenna Klooster wat oorgeplaas is na Hazeldean Intercare.
- Phillip Meintjies wat steeds in Wilgers hospitaal is.
- Almal wat ongesteld is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

Toerusting

Marcel bied 6 verskillende sessies aan. Die kinders vorm nie deel van die sessies nie, maar ons sal reël vir volwasse toesig vir hulle op die terrein.

Ons wil graag die nodige voorbereidings tref. Laat asb. vir Marcel indien jy die sessies wil bywoon.

Bespreek by Marcel

Wapadrant Jeug

4 Oktober beloof om 'n aand vol pret en plesier te wees vir die Hoërskooljeug. Ons gaan saam kuier, speel, gesels en smul! Pannekoek word voorsien - al wat jy moet doen is om 'n soet- of soutvulsel te bring. Laat weet asb. vir Errol via WhatsApp of jy saam kan kuier.



Wat is Kruiskind?

Dit is 20 bladsye propvol inhoud wat direk vanuit die Bybel saamgestel is. Die inhoud is pret én leersaam – dink aktiwiteite, inkleurprente, raaisels, woordpret en lesse vanuit die Bybel. Hierdie **Kruiskind** se tema is water in die Bybel. Kinders gaan onder andere leer oor Jesus wat ons lewende water is, die wonderwerk waar Jesus die storm stilmaak en ook hoe hy sy dissipels gekies het. Leer ook wat dit beteken om self 'n dissipel te wees. Agterin is 'n lekker vinnige bingo-spel!

Het jy Kruiskind 1? Dit is ook beskikbaar by die Admin Buro @ R30.

Kontak ons: **Kruiskind** is beskikbaar per e-pos by hallo@kruiskind.co.za. Kontak gerus as jy vrae het of wil betrokke raak.

Joshua na die reën

Versprei asb. die woord!

Dis is maklik om ander van hierdie besonderse vertoning te vertel. Stuur die 'banner' hierbo via WhatsApp aan jou vriende & familie.

Daar is twee maniere om kaartjies aanlyn te bekom. Deel gerus die volgende skakels:

https://showme.co.za/pretoria/events-entertainment/joshua-na-die-reen-25-oktober-2024/

https://www.quicket.co.za/events/270860-joshua-na-die#/

Kaartjies is ook elke Sondag in die saal beskikbaar.

Preekrooster

PREEKROOSTER

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
22 September	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen
29 September (Nagmaal)	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit
6 Oktober (Doop)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Peet Vermeulen
13 Oktober (Belydenis)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor